Journal of Industrial Psychology, 1995, 21(1), 10-13
Tydskrif vir Bedryfsielkunde, 1995, 21(1), 10-13

# DIE BELEWENISWÊRELD VAN VROUENS VAN VLIEËNIERS WAT BUITELANDSE VLUGTE ONDERNEEM

**T G LIEBENBERG**

*Psigiatriese Gemeenskapsdienste*
*Johannesburg*

**M POGGENPOEL***

*Dept. Verpleegkunde*
*Randse Afrikaanse Universiteit*

**M G VAN REENEN**

*Konsultant: Hulpbronbestuur*
*Johannesburg*

## ABSTRACT

**The experiences of wives of pilots undertaking overseas flights.** The experiences of wives of pilots undertaking overseas flights are explored to generate guidelines for mental health promotion of such couples. An exploratory, descriptive, qualitative and contextual design was used. Phenomenological semi-structured interviews were conducted with a purposively selected sample of seven wives of pilots undertaking overseas flights. A literature control was conducted as a measure of reliability. Results indicated that the wives needed communication with and support from their husbands. Guidelines for mental health promotion of the marital couples were formulated. These guidelines can be operationalised in a mental health promotion programme for airways communities.

## OPSOMMING

Die belewenis van vrouens van vlieëniers wat oorsese vlugte onderneem word verken en beskryf ten einde 'n basis te voorsien waaruit riglyne gegenereer kan word vir geestesgesondheidsbevordering van sodanig betrokke huwelikspare. 'n Verkennende, beskrywende, kwalitatiewe en kontekstuele ontwerp is gebruik. Fenomenologiese semi-gestruktureerde onderhoude is gevoer met 'n doelgerigte geselekteerde steekproef van sewe vrouens van vlieëniers wat oorsese vlugte onderneem. 'n Literatuurkontrole is uitgevoer as betroubaarheidsmaatreël. Resultate van hierdie studie dui daarop dat die vrouens 'n behoefte aan kommunikasie met en ondersteuning van hulle mans het. Riglyne vir geestesgesondheidsbevordering vir huwelikspare, waar die mans buitelandse vlugte onderneem, is geformuleer. Hierdie riglyne kan geoperasionaliseer word in 'n geestesgesondheidsbevorderingsprogram vir 'n lugdiensgemeenskap.

In 'n lugdiensgemeenskap is 'n eksterne stressor die feit dat die mans dikwels uithuisig is vir lang tydperke. Dit geld veral vir die vlieëniers wat buitelandse vlugte onderneem. Dit lei gevolglik daartoe dat hul vrouens die sake van die huishouding moet hanteer en dit affekteer verhoudings negatief. Beck, Rawlins en Williams (1988) sien die afwesigheid van die vader as 'n krisispunt in die gesin se lewe wat verandering meebring en stel dit as volg: "The couple is most likely to change at crisis points such as absences and reentries." Die hanteringsmeganismes van die gesin word deur hierdie veranderinge bedreig (Minuchin, 1988).

Die feit dat die lugdiensgemeenskap 'n subkultuur op sy eie is, dra daartoe by dat dit 'n geslote gemeenskap is waar die vrouens 'n belangrike en verantwoordelike rol speel binne gesins- en sosiale en/of werksverband en gevolglik hoë vlakke van stres ervaar.

Teen die voorafgaande as agtergrond het die navorsingsvraag ontstaan: "Wat in die beleweniswêreld van vrouens van vlieëniers wat buitelandse vlugte onderneem kan bydra tot die fasilitering van hulle strewe na heelheid?

Ten einde hierdie vraag te beantwoord is die studie op die volgende doelstellings gerig.

- 'n Verkenning en beskrywing van die beleweniswêreld van vrouens van vlieëniers wat buitelandse vlugte onderneem.
- Die daarstel van riglyne vir geestesgesondheidsverryking om geestesgesondheid te bevorder van huwelikspare waar die mans buitelandse vlugte onderneem en baie uithuisig is.

## NAVORSINGSONTWERP EN METODE

'n Verkennende, beskrywende kwalitatiewe studie wat kontekstueel van aard is, is uitgevoer om meer insig te verkry in die beleweniswêreld van vrouens van vlieëniers wat buitelandse vlugte onderneem. Dit sluit in: die metode wat gebruik kan word om betroubaarheid en geldigheid van die studie te verseker, definisie van die teikenpopulasie, steekproefneming, die metode van data-insameling en -analise.

Om die gevaar van nie-betroubare resultate teen te werk, is beheermaatreëls toegepas met betrekking tot die status van die navorser, keuse van deelnemers; sosiale situasies, metodes en prosedures (Liebenberg, 1992; Woods en Catanzaro, 1988). Die gevaar van nie-geldigheid is teëgewerk met behulp van kontrole-maatreëls ten opsigte van observeerder-effekte, seleksie en regressie (Liebenberg, 1992; Woods en Catanzaro, 1988).

'n Doelgerigte verteenwoordigende steekproef is geselekteer om deelnemers vir die projek te werf (Burns en Grove, 1987). Die steekproefpopulasie het bestaan uit vrouens van vlieëniers van 'n spesifieke lugdiens wat buitelandse vlugte onderneem

*Versoeke vir afdrukke moet gerig word aan M. Poggenpoel, Departement Verpleegkunde, Randse Afrikaanse Universiteit, Posbus 524, Auckland Park 2006.*

Die aantal vrouens wat geselekteer is het afgehang van hoe versadig die data was wat ingesamel is. Dit is bepaal deur te kyk na herhalende temas wat voorkom en wat dieselfde is vir 'n aantal vrouens. 'n Vrou van 'n buitelandse vlieënier wat in 'n leierskapsposisie in haar gemeenskap is, is versoek om as tussenganger op te tree, om respondente wat voldoen aan die gestelde kriteria vir die navorsing te werf (Liebenberg, 1992). Altesaam sewe onderhoude is met vrouens van vlieëniers wat buitelandse vlugte onderneem gevoer.

Data-insameling het geskied aan die hand van fenomenologiese semi-gestruktureerde onderhoude wat op oudioband geneem en verbatim getranskribeer is (Burns en Grové, 1987). 'n Enkele sentrale vraag is gevra tydens 'n semi-gestruktureerde onderhoud van vyf-en-veertig minute lank en daar is gebruik gemaak van fasiliterende kommunikasietegnieke om die belewenis van die vrou van 'n vlieënier te ondersoek. Die sentrale vraag het soos volg gelui: "Hoe ervaar u dit om die vrou te wees van 'n vlieënier wat buitelandse vlugte onderneem?" Die navorser het gebruik gemaak van 'tussen hakies plaas' en 'intuïtering'. (Oiler, 1982 in Burns en Grove, 1987). Na afloop van elke onderhoud is veldnotas deur die navorser geskryf, om sodoende 'n bepaling van die konteks te doen.

Data-analise is gedoen deur die bandopnames van die onderhoude verbatim te transkribeer, en dit te analiseer aan die hand van Giorgi (in Omery, 1983 en Kerlinger, 1986) se metode van data-analise. Dit sluit die volgende aspekte in: definiëring en kategorisering van die universum, eenhede van analise en identifisering van hoofkategorieë en subkategorieë, prioritisering en kwantifisering van data, asook die bepaling van die onderlinge verbande tussen hoof- en subkategorieë.

Hoofkategorieë is geïdentifiseer, en die definiëring van hoofkategorieë het geskied vanuit die raamwerk van die Verplegingsteorie vir Mensheelheid (Oral Roberts University, Anna Vaughn School of Nursing, 1990; Randse Afrikaanse Universiteit, Departement Verpleegkunde, 1992). Die hoofkategorieë het die volgende ingesluit: Interne omgewing (liggaam, psige en gees), eksterne omgewing (fisiek, sosiaal en geestelik), en kenmerkende wyses van interaksie tussen die interne en eksterne omgewing van die vrouens.

Betroubaarheid van die inhoudsanalise is verseker deur kodering wat plaasgevind het deur die navorser en 'n onafhanklike kodeerder. 'n Werksprotokol vir kontrole van die inhoudsanalise is aan die mede kodeerder voorsien.

Opvolgonderhoude is gevoer met die vrouens wat deelgeneem het aan die navorsing om die resultate te verifieer.

'n Literatuurkontrole is uitgevoer deur soortgelyke studies (Woods & Catanzaro, 1988) te ondersoek om gemeenskaplikhede en uniekhede van die huidige studie vas te stel. Geen literatuur kon plaaslik of internasionaal opgespoor word oor die onderwerp van die navorsing nie, daarom is daar meer gefokus op wat die effek van die afwesige vader op die vrou en gesin is. Die resultate van die onderhoude en literatuurkontrole is gebruik om die riglyne op te stel. Die riglyne is bespreek met 'n deskundige betrokke by 'n lugdiensgemeenskap om hulle gepasdheid en toepasbaarheid te verseker.

## RESULTATE EN BESPREKING

Die resultate van die onderhoude en veldnotas is geprioritiseer en gekwantifiseer op grond van die aantal vrouens wat dieselfde aspek ervaar en beskryf het. Bogenoemde is daarna in tabelvorm geplaas (Kyk Tabel 1). Individuele voorbeelde van wat die vrouens geverbaliseer het word vanuit die transkripsies uitgelig ten einde die kwaliteit van die ondervinding/ervaring weer te gee (in Liebenberg, 1992).

Vervolgens word bevindings bekom uit hierdie studie (Liebenberg, 1992) en uit die literatuur bespreek.

**TABEL 1**
**BELEWENISWÊRELD VAN VROUENS VAN VLIEËNIERS WAT BUITELANDSE VLUGTE ONDERNEEM N-7**

| | DIMENSIES | AANTAL RESPONDENTE (n=7) |
|---|---|---|
| 1. | **INTERNE OMGEWING** | |
| 1.1 | **LIGGAAM** | |
| | Fisiek gesond | 7 |
| 1.2 | **PSIGIES** | |
| 1.2.1 | **Intellek** | |
| | ***Persepsies** | |
| | Positief: baie vryheid | 5 |
| | Negatief: lewenswyse moeilik om te hanteer, eensame proses | 6 |
| | ***Verdedigingsmeganismes** | |
| | Narsissisties: ontkenning van realiteit betreffende huweliksverhouding | 7 |
| | Neuroties: neem van beheer, verplasing, repressie, rasionalisasie en intellektualisasie | 7 |
| | Volwasse; sublimasie en supressie: kreatiewe aktiwiteite soos sport en stokperdjies. | 5 |
| | ***Hanteringsmeganismes.** | |
| | Aanpassing by situasie: raak onafhanklik, raak gewoond aan die tipe lewenstyl | 7 |
| 1.2.2 | **Emosies** | |
| | Woede: wrewelrigheid en frustrasie omdat afgeskeep voel deur man | 6 |
| | Angs: bang vir buite-egtelike verhoudings wat hulle mans mag aangaan | 5 |
| | Hartseer: terneergedruk, meen hulle mans gee nie om vir hulle nie | 5 |
| | Vreugde: verlig as mans nie tuis is nie, minder stresvol, kan doen wat hulle wil | 4 |
| 1.2.3 | **Wil** | |
| | Maak eie keuses en voer dit uit | 4 |
| 1.3 | **GEES** | |
| | Kinders gee sin en betekenis aan lewe | 5 |
| | Geloof dien as anker in lewe | 4 |
| | Sterk morele waardesisteem | 4 |
| 2. | **EKSTERNE OMGEWING** | |
| 2.1 | **FISIES** | |
| | Kreatiewe vryetydspandering: ontspannend | 7 |
| | Voltydse beroep: werk nodig om alledaagse situasie te hanteer, finansieel veilig en onafhanklik van man | 5 |
| 2.2 | **SOSIAAL** | |
| | Onvoldoende huweliksverhouding: lewe aparte lewens, gebroke interaksie in huwelik | 6 |
| | Wisseling in gesinstruktuur: afhangende van teenwoordigheid of afwesigheid van die vaderfiguur | 6 |
| | Familie en vriende as onvoldoende ondersteuningstelsels | 4 |
| 3. | **KENMERKENDE WYSES VAN INTERAKSIE** | |
| | Minder effektiewe kommunikasiepatrone in die huwelik: kommunikeer nie met mekaar nie, weet nie wat in mekaar se lewens aangaan nie, man perfeksionisties, lei twee afsonderlike lewens, mans isoleer hulself, verhoogde konfliksituasies | 6 |

Die empiriese bevindings van hierdie studie dui op die volgende:

- Die vrouens verkeer in 'n goeie liggaamlike gesondheid, ongeag die hoë stres wat hulle ervaar. Al sewe die vrouens het geverbaliseer dat hulle in goeie gesondheid verkeer "I'm physically in good shape".

- Die vrouens het baie vrye tyd tot hul beskikking om dit te spandeer na goeddunke en hulle sien dit as 'n positiewe aspek in hulle lewens.

- Die verdedigingsmeganismes wat die meeste gebruik word is die neurotiese verdedigingsmeganismes, wat aanduidend is van die hoë angsvlakke waaronder die vrouens verkeer. Neurotiese verdedigingsmeganismes waarvan die vrouens gebruik maak, sluit in: neem van beheer, verplasing, repressie, rasionalisasie, intellektualisasie.

  So sê van die vrouens: "Ek moet in beheer wees van alles, verstaan jy". 'n Ander vrou sê: "Ek het geen rede om my man te wantrou nie . . . hy lei dalk ook 'n eensame lewe daar anderkant". Volwasse verdedigingsmaganismes wat die vrouens gebruik sluit sublimasie en supressie in. So sê een vrou "I like to work with my hands a lot . . . I find being creative is relaxing."

- Vrouens wat betrokke is by kerklike aktiwiteite en wat 'n sterk geloof het, het meer ondersteuningsbronne tot hulle beskikking aangesien hulle geloof vir hulle 'n anker in die lewe is. Die vrouens het 'n sterk morele waardesisteem, wat hulle daarvan weerhou om buite-egtelike verhoudings aan te gaan. Die waardesisteem van die vrouens kan soms beperkend inwerk op die vrou se strewe na heelheid vanweë die hoë eise wat sy aan haarself stel.

- Die vrouens spandeer hulle vrye tyd kreatief, deur skeppende aktiwiteite uit te voer. Dit dien dus as 'n hanteringsmeganisme om by hulle situasie aan te pas. Soos een vrou dit stel "I find being creative is relaxing . . . it's an artistic release". Die vrouens het verder almal 'n beroep wat hulle volg, dit fokus hulle aandag op eksterne aspekte, sodat hulle sodoende hulle realiteit kan hanteer. "Ek doen deeltydse werk – ek hou myself besig. Dis regtig baie belangrik". Hulle is ook finansieel onafhanklik en sodoende bou hulle vir hulle beveiligingsmaatreëls in vir die moontlike feit dat hulle mans dalk van hulle kan skei. "Finansieel gaan dit goed met my – ek weet finansieel kan ek sonder my man klaarkom. Ek is finansieel onafhanklik!"

- Die vrou is verantwoordelik vir die dissiplinering van die kinders. "Ek is die ou wat die dissipline handhaaf, wat die heks is as jy dit nou so kan noem en hy, hy is nou weer die "nice" ou". Die vrou het weinig probleme met die dissiplinering van die kinders, maar die kinders ervaar meer emosionele probleme as gevolg van die feit dat die vader afwesig is en daar nie 'n konstante rolmodel is vir spesifiek die seuns nie.

- Konflik kom voor tussen die huwelikspaar, oor die dissiplinering van die kinders.

- Die feit dat die vrouens werk, het tot gevolg dat daar min kommunikasie in die huwelik voorkom. Dit dien as hanteringsmeganisme vir die vrouens om te werk, aangesien hulle daardeur kommunikasie vermy. Dit het ook implikasies vir die intimiteitsverhouding wat daar tussen die man en vrou heers, en wat in hierdie studie gevind, grootliks beperk is. "Hy's nie regtig deel van ons nie . . . hy is soos 'n besoeker by die huis . . . hy 'float' so". "Ons doen bitter min saam". "So we are together in the house, but not really just sitting talking – we potter around at home, but we very seldom sit down and discuss matters".

  Wantroue as 'n wyse van interaksie kom ook voor by hierdie vrouens. As gevolg van hulle vrees vir buite-egtelike verhoudings, word dit 'n wyse van interaksie en ontstaan daar by die vrouens 'n oorsensitiwiteit ten opsigte van verhoudings wat hulle man met die teenoorgestelde geslag het, hetsy vriendskaplik of ander (Liebenberg, 1992).

  Navorsingsbevindinge soos gerapporteer in die literatuur dui verder op die volgende:

- Manne & Zautra, aangehaal in Repetti, (1989) voer aan dat vrouens hulle situasie meer effektief kan hanteer as hulle ondersteuning van hulle mans kry.

- Die enkelmoeder beleef wisselende gemoedstemminge, wat soms lei tot selfmoord. Die vrouens loop dus 'n risiko vir geestesongesteldheid (Bowskill, 1980).

- Die moeder het 'n behoefte aan 'n intellektuele maat wat voorsien in haar emosionele en seksuele behoeftes (Beaton, 1990).

- Repetti (1989) spreek die kwessie aan dat die man dit nodig het om te ontspan nadat hy terugkeer huis toe. Dit is terapeuties vir hom om homself te isoleer om sodoende te kan ontspan. Dit het egter negatiewe implikasies vir die huwelik, aangesien dit kommunikasie beperk.

- Daar vind 'n konstante rolomruiling plaas as die man afwesig is en omdat die vrou nie iemand het wat aan haar 'n tweede opinie kan verskaf nie, kan sy onseker voel oor die rol wat sy moet uitvoer (Van Rooyen, 1983 in Botha, 1987). Die vrouens het die idee geskep dat hulle seker voel oor die rol wat hulle van hulle mans moet oorneem. Dit het aan hulle onafhanklikheid gegee.

- Wanneer die man vir lang tye afwesig is, ontstaan daar 'n kulturele gaping tussen die man en die vrou (Erasmus, 1979). Die egpaar deel min en ontwikkel en groei onafhanklik van mekaar.

## RIGLYNE VIR GEESTESGESONDHEIDSBEVORDERING VAN HUWELIKSPARE WAAR DIE MAN BUITELANDSE VLUGTE ONDERNEEM EN BAIE UITHUISIG IS

Die volgende riglyne is ontwikkel en gebaseer op resultate bekom uit die voorafgaande bevindings en literatuurstudie. Hierdie riglyne is as betroubaarheidsmaatreël met 'n konsultant by 'n lugdiens bespreek sowel as met die literatuur gekontroleer.

**Meer effektiewe kommunikasiepatrone in die huwelik**
Die vrouens ervaar dit dat daar nie voldoende kommunikasie in die huwelik is nie en konfliksituasies nie na wense gehanteer word. Daarom is dit belangrik om meer effektiewe kommunikasiepatrone daar te stel.

**Herstel van intimiteit in die huwelik**
Die man en vrou moet meer in kontak kom met mekaar deur aandag te skenk aan die intimiteit wat in die huweliksverhouding verlore gegaan het. Dit kan bewerkstellig word deur dat die man en vrou byvoorbeeld 'n uur saam spandeer wanneer hy van vlugte af terugkeer, of deur byvoorbeeld oefeninge te doen wat fokus op gedeelde en individuele selfkennis. Die volgende is metodes wat beoefen kan word om die intimiteit in die huwelik te verbeter. Die vrouens stel dit dat hulle mans min betrokke is by hulle en nie deel is van die gesin nie. 'n Manier om die man te betrek by die gesin, is om tyd daar te stel waarin die gesin saam kan ontspan en aktiwiteite saam kan beplan en uitvoer. Gemeenskaplike stokperdjies kan deur die man en vrou beoefen word. Die huwelikspaar moet dus metodes aanleer hoe om hulle vryetyd optimaal te benut. Beplanning van hulle vryetyd is een metode wat die huwelikspaar kan aanwend om hulle vryetyd meer produktief saam te bestee. Gesinsvergaderings kan hier van waarde wees.

Beide die man en vrou kan baat vind by die aanleer van meer effektiewe streshanteringstrategieë. Sodoende spandeer die

lede meer tyd met mekaar en deel hulle aspekte in mekaar se lewens.

**Mobilisering van hulpbronne en ondersteuningstelsels**
Daar bestaan 'n beperkte netwerk van ondersteuningstelsels vir die vrouens, vanweë die feit dat hulle 'n geïsoleerde en besige lewe lei. Dit is dus belangrik dat die vrouens se ondersteuningstelsels uitgebrei word. Ondersteuningsgroepe kan van waarde wees waar hierdie vrouens die geleentheid kry om mekaar te steun.

**Regverdige en eweredige rolverdeling binne die gesin en die huwelik**
Rolverdeling kan geskied deur taakgerigte rolle te identifiseer en die verantwoordelike partye daarvoor te eien. Die kinders kan byvoorbeeld meer van die taakgerigte rolle uitvoer, sodat dit die moeder en vader die geleentheid bied om meer ekspressiewe rolle uit te voer. Daar kan ook binne die struktuur van die gesin besluit word watter rolle deur die vader uitgevoer gaan word en watter rolle deur die moeder uitgevoer moet word, sodat die vader daardeur betrek kan word by die gesin en deel kan hê aan die huislike aktiwiteite. Gesinsvergaderings kan hier van groot waarde wees om rolverdelings en beplanning te doen (Mace & Mace, 1989; Liberman, Wheeler, de Visser, Kuehnel & Kuehnel, 1983; Gerdes & Phillips, 1976).

## TEKORTKOMINGE VAN HIERDIE STUDIE

'n Tekortkoming wat geïdentifiseer is by hierdie studie is dat die onderhoude wat die navorser met die vrouens gevoer het hulle huwelike gereflekteer het en die navorser aspekte rakende intimiteit nie aangespreek het nie. Die navorser kon meer inligting by sommige vrouens bekom het tydens onderhoudvoering, as daar meer dikwels gebruik gemaak is van refleksie, as kommunikasietegniek om konsepte verder te ondersoek.

## GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Resultate gegenereer uit hierdie studie dui daarop dat die vrouens van vlieëniers wat buitelandse vlugte onderneem 'n behoefte het aan kommunikasie en ondersteuning van hulle mans. Daar bestaan ook 'n behoefte aan 'n ondersteuningsgroep vir die vrouens, sodat hulle verrykingsaktiwiteite kan aanleer en 'n gevoel van gemeenskaplikheid kan ervaar. Dit kan aanduidend wees van die feit dat hulle van mening is dat hulle alleen staan in hulle probleme en behoeftes.

Riglyne vir geestesgesondheidsbevordering vir die huwelikspare is geformuleer gebaseer op die resultate van die studie. Hierdie riglyne kan geoperasionaliseer word in 'n geestesgesondheidsprogram in 'n lugdiensgemeenskap. Verdere navorsing kan uitgevoer word met elke beroepsklas wat voorkom in 'n lugdiens. Daar kan gekyk word na wat die ervaring van die afwesige man is in terme van die gesinsisteem, asook hoe die kinders dit ervaar om 'n afwesige vader te hê. Dit sal bydra tot 'n omvattende beeld van so 'n gesin waar die vader baie uithuisig is.

## VERWYSINGS


Beaton, A. (1990). *Tydelike enkelouerskap van die eggenote van die langtermyn gevangene.* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. Ongepubliseerde Magisterverhandeling.

Beck, N; Rawlins, R.P. & Williams, S.E. (1988). *Mental health psychiatric nursing.* St. Louis: Mosby.

Botha, J.E. (1987). *Die invloed van die vader se periodieke afwesigheid op die opvoedingsdinamiek.* Pretoria: Universiteit van Pretoria. Magisterverhandeling.

Bowskill, D. (1980). *Single parents.* London: Futura Publications.

Burns, N. & Grove, S.K. (1987). *The practice of nursing research: conduct, critique and utilization.* Philadelphia: WB Saunders.

Erasmus, P.A. (1979). *Die trekarbeider se vrou se mening oor die invloed van trekarbeid op haar huwelik en gesinslewe.* Pretoria: Instituut vir Sosiologiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing.

Kerlinger, F.N. (1986). *Foundations of behavioral research.* New York: Holt, Rinehart & Winston.

Liebenberg, T.G. (1992). *Riglyne vir geestesgesondheidsverryking deur die psigiatriese verpleegkundige vir gesinne van vlieëniers.* Aucklandpark: Randse Afrikaanse Universiteit. Magisterskripsie.

Munichin, S. (1988). *Families and fimily therapy.* Bristol: Tavistock Publications.

Omery, A. (1983). *Phenomenology: a method for nursing research.* Advances in Nursing Science, 5, 49-63.

Oral Roberts University, Anna Vaughn School of Nursing, (1990). Self study report, submitted to the Council of Baccalaureate on Higher Degree Programs. *National League for Nursing,* August 1990. Volume I – Narrative by Criteria. Tulsa, Oklahoma.

Oral Roberts University, (1990-1992). *Catalog, School of Arts and Sciences, Business, Education, Nursing and Theology and Missions,* Volume 17, Number 1. Tulsa, Oklahoma.

Randse Afrikaanse Universiteit: Departement Verpleegkunde, (1992). *Verplegingsteorie vir Mensheelheid.* Aucklandpark.

Repetti, R.L. (1989). Effects of daily workload on subsequent behavior during marital interaction: the roles of social withdrawal and spouse support: *Journal of Personality and Social Psychology,* 57, 651-659.

Woods, N.F. & Catanzaro, M (1988). *Nursing research: theory and practice.* St. Louis: Mosby Comp.